Hartlik welkom by ons /
A warm welcome to our

# Diens van Woord en Gebed
## (Taizé)
# Service of Word and Prayer



**Vrede: 'n Geskenk van God en die vrug van gebed.**

**Peace: A Gift from God and fruit of our prayers.**

Sondag, 23 Julie 2023
Berg-en-Dal

Kom gerus binne en neem jou plek in stilte in.
Onthou ook om jou SELFOON af te skakel.
Die stilte hier in teenwoordigheid van die Here God is vir ons elkeen bedoel.

Please feel free to enter and silently take your place.
Remember to switch off your CELL PHONE.
The silence in the presence of the Lord God is for each of us.

# Oor Taizé

In Augustus 1940, in 'n Europa geteister deur Wêreldoorlog II, het 'n jong teoloog, Rogier Schutz, in die Franse dorpie Taizé aangekom. Saam met sy suster en 'n paar helpers het hulle 'n geloofsgemeenskap gevestig en skuilplek aan oorlogsvlugtelinge en spesifiek Jode, gebied. Ná die oorlog sou hul deure ook oopstaan vir Duitse vlugtelinge en só het Taizé 'n plek van veiligheid, vrede en versoening geword. Vandag stroom duisende jongmense en gesinne van verskillende oorde en oortuigings daarheen – aangetrek deur dié plek waar daar ruimte gemaak is vir stilte, gebed, 'n dieper lees van die Woord en 'n helpende hand aan mense in nood. Die Taizé-gemeenskap werk ook in Suid-Amerika, Sentraal Afrika en Indië, en was ons in Berg-en-Dal drie keer al bevoorreg om van die Taizébroers hier te ontvang. In 2019 het die groot internasionale jeugsaamtrek – "A Pilgrimage of Trust" – in Kaapstad plaasgevind. Ook elders in ons land is daar gereeld Taizé-byeenkomste soos vanaand hier.

Vir meer inligting, gaan na www.taizé.fr of sms na 082-784-9362.

Since the start of this monthly meditative evening prayer in Berg-en-Dal in 2009, it has become a space of silence, prayer, music and Scripture reading where seekers of God from various churches, cultural and linguistic groups, young and old, are welcomed. Here we open our arms to diversity as a gift from God to unite us in worship, peace and His blessing.

God laat Hom vind in die stilte van ons gebed.

"God is a God of the present. God is always in the moment, be that moment hard or easy, joyful or painful. And therefor each day holds a surprise. But only if we expect it, can we see, hear or feel it when it comes to us. Let's not be afraid to receive each day's surprise, whether it comes to us as sorrow or joy. It will open a new place in our hearts, a place where we can be with God, welcome new friends and celebrate more fully our shared humanity.

- Henri Nouwen –

In Taizé is alles gebed: ons kom sit en luister, asemhaling, sing en lees, ons aansteek van 'n kers – in alles nader ons Hom wat in die verborgene is en wat óns verborgenheid deurgrond. Wanneer ons rustig raak, ons gedagtes tot stilstand en ons die wêreld van die weke weerskante van vanaand vir 'n oomblik eenkant laat... dan rig ons ons hart op die Heilige. Deur die liedere wat ons nadenkend sing, tel ons as't ware ons lewe met al die lig en skaduwee daarvan op en reik dit God aan soos 'n offergawe – ons vreugde, verlange en verleenthede; ons swoeg en sweet; ons lief en leed; ons broosheid en ons dankbaarheid.
Gebed is om te wag en luister tot ons Hom hoor naderkom...

**Vanjaar – in 'n wêreld en tyd geteister deur vervreemding, verdeeldheid en konflik - lees en dink ons na oor vrede, die geskenk van God aan ons en die vrug van ons gebede.**

STILTE / SILENCE

| |
|---|
| In die stilte vóór die klok lui, kan jy jouself daarop voorberei om God se teenwoordigheid te beleef. Sorg dat jy gemaklik sit, vou jou hande losweg op jou skoot, haal rustig en reëlmatig asem, ontspan en bring jou gedagtes binnetoe. Ons wag totdat die klokgelui ons uur van gebed aankondig. In Taizé – soos in die ou kloosters – is die lui van klokke die bekende roepstem na die gesamentlike gebedsuur. |

**Klokgelui om ses**

**Hoor ons bid, o Heer (Lied 278)**
(gesing in Afrikaans, Engels en Afrikaans, met die 'Amen' aan die einde)

Hoor ons bid, o Heer;
hoor ons bid o Heer.
Verhoor tog ons gebed, en gee ons vrede.

Hear our prayer, o Lord;
hear our prayer, o Lord.
Incline Thy ear to us, and give us Your peace.

Amen.

**Common Prayer (all say together):** (St. Augustine adj.)

"Hear our prayer, God above
As we come to You and seek Your patient love.
Hear our hearts, hear our minds;
hear the echoes of the words we cannot find.

God Almighty,
You have made us for yourself,
and our hearts are restless
till they find their rest in You.
Be our hope, be our guide,
so we pray in faith,
we ask with one voice,
we ask with one voice –
Pour your love into our hearts
and draw us to Yourself.
Amen."

**Voorganger: Seëngroet in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees**

**Heilig, heilig, heilig**
(gesing in Afrikaans, Engels en weer Afrikaans)

Heilig, heilig, heilig – my hart, o Heer, aanbid U.
My hart is bly en roep dit uit: 'U is heilig, Heer.'

Holy, holy, holy – my heart, o Lord, adores thee.
My heart is filled with joy and peace; You are holy, Lord.

**Stilte vir gebed**

Hierdie eerste stilte vir gebed (± 5 minute), kan gebruik word om ná die aanroep van God en ons loflied, jou hart op aanbidding en dankbaarheid te rig: Dankbaar dat jy vanaand hier kan wees; dankbaar vir God se liefdevolle nabyheid; dankbaar vir die seëninge wat God gee – wat dit ookal in jou lewe mag wees.

Dan kan jy ook nou jou hart ondersoek en vra:

*"Did I offer peace today? Did I bring a smile to someone's face?*
*Did I say words of healing? Did I let go of my anger and resentment?*
*Did I forgive? Did I love?*
*These are the real questions. I must trust that the little bit of love and peace that I sow now will bear many fruits, here in this world and the life to come."*
(Henri Nouwen)

Neem jou tyd hiervoor – wag – daar is geen haas.
Jou gebed gaan spontaan oor in ons tweede loflied.

**Laudate omnes gentes**
(sung in Latin, English, Afrikaans, Sotho and Latin)

"Laudate omnes gentes, laudate Dominum.
Laudate omnes gentes, laudate Dominum.

Sing praises, all you peoples, sing praises to the Lord.
Sing praises all you nations, sing praises to our God."

Kom prys Hom alle nasies. Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke. Kom sing, kom loof die Heer!

Mo bokeng tjhaba tsohle, rorisang Morena;
mo bokeng tjhaba tsohle, rorisang Morena."

**Skriflesing:** (Psalm 122)

"'n Pelgrimslied.

Ek was bly toe hulle vir my gesê het:
'Kom ons gaan na die huis van die Here.'
Ons voete staan in jou poorte, Jerusalem –
Jerusalem, gebou as 'n stad wat as eenheid saamgebind is,
waarheen die stamme van die Here optrek
om die Naam van die Here te prys.

Bid vir die vrede van Jerusalem:
'Mag dié wat jou liefhet, rustig leef;
mag daar vrede wees by jou verdedigingswal,
rustigheid in jou vestings.'
Ter wille van my broers en vriende sê ek graag:
'Mag daar vrede in jou wees!'
Ter wille van die huis van die Here ons God
wil ek die goeie vir jou nastreef."

**Stuur nou u lig**
(gesing in Afrikaans, twee keer)

Stuur nou u lig, en stuur nou u waarheid.
Laat dit my lei na u heilige woning.
Ek sal U loof, my helper, my God.

**Scripture reading:** (Luke 7:50)

"Now one of the Pharisees invited Jesus to have dinner whith him, so he went to the Pharisee's house and reclined at table.
When a women who had lived a sinful life in that town learned that Jesus was eating at the Pharisee's house, she brought an alabaster jar of perfume, and as she stood behind him at his feet weeping, she began to wet his feet with her tears. Then she wiped them with her hair, kissed them and poured perfume on them.
Then Jesus turned to the women and said to Simon, ... 'I tell you, her many sins have been forgiven – for she loved much. But he who has been forgiven little loves little.'
The Jesus said to her: 'Your sins are forgiven.'
The other guests began to say among themselves, 'Who is this who even forgives sins?'
Jesus said to the women: 'Your faith has saved you; go in peace.'"

**Stuur nou u lig**
(gesing in Afrikaans, twee keer)

Stuur nou u lig, en stuur nou u waarheid.
Laat dit my lei na u heilige woning.
Ek sal U loof, my helper, my God.

**Skriflesing:** (Matteus 5:9)

"Toe Jesus die skare sien,
het Hy teen die berg opgegaan.
Hy het gaan sit, en sy dissipels het na Hom toe gekom.
Hy het begin praat en hulle geleer en gesê:
'<u>Salig is die vredemakers</u>,
want hulle sal kinders van God genoem word.'"

**Stuur nou u lig**
(gesing in Afrikaans, twee keer)

Stuur nou u lig, en stuur nou u waarheid.
Laat dit my lei na u heilige woning.
Ek sal U loof, my helper, my God.

**Meditation**

**Silence for prayer**

| |
|---|
| This second silence (± 8 min) is now meant for reflecting on what hou have heard during the Scripture reading, and for giving it time to enter your heart. You may want to reread a verse or two. Then, close your eyes and listen to the whispering of God through his Spirit – perhaps through words that you may have noticed for the first time tonight.<br>Take your time. Wait and listen.<br>Bring the practical meaning of these words for your daily life, before Him.<br>Just be in His presence.<br>Again your prayer flows into worship through song – for to sing, is to pray twice. |

**Jesus, remember me**
(sung in English, Afrikaans and English...)

"Jesus, remember me, when You come into your kingdom.
Jesus, remember me, when You come into your kingdom.

Jesus, o dink aan my, wanneer U, Heer, in u ryk kom.
Jesus, o dink aan my, wanneer U, Heer, in u ryk kom."

Terwyl ons sing, kan enigeen wat wil vorentoe kom, by die trap links of regs van die liturgiese ruimte 'n kersie neem, dit by een van die ander kerse aansteek en voor op die houtblad by die groot kers neersit. Hierdie simboliese handeling getuig van die lig waarin ons glo en aan vashou – Christus. Dit kan ook 'n deel wees van jou eie, persoonlike gebed, waarmee jy aan iemand spesifiek dink en hom of haar in jou gedagtes vanaand voor God bring. Neem gerus vrymoedigheid om vorentoe te kom en 'n kersliggie aan te steek, en kom ons gee mekaar rustig kans sodat daar nie 'n onnodige drukte voor ontstaan nie, wees bedagsaam. Intussen bly ons biddend sing: "Jesus, o dink aan my..."

"To pray is to build your own house. To pray is to discover that Someone else is within your house. To pray is to recognize that it is not your house at all... Prayer is not primarily saying words or thinking thoughts. It is, rather, a way of living in awareness of the Presence of God. The full contemplative trusts, allows and delights in that Presence." (Richard Rohr)

**Gesamentlike gebed (staande & hardop):**

"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied – op die aarde, net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergewe ons ons sondes
soos ons hulle vergewe wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid,
tot in ewigheid.
Amen."

(sit weer)

**Stilte vir gebed**

This third silence (± 4 min) can now be used to bring before God specific issues you have at heart and to formulate what is on your mind; things that you have not yet prayed about tonight or people for whom you would like to pray.

"There is no way to peace, peace is the way." (Richard Rohr)

**In die Here is al my vreugde**
(gesing in Afrikaans, Engels en weer in Afrikaans)

In die Here is al my vreugde, in die Here sal ek juig!
Want genade vind ek by Hom,
en met my stem, sal ek Hom besing. (x 2)

In the Lord I'll be ever thankful, in the Lord I will rejoice!
Look to God, do not be afraid.
Lift up your voices, the Lord is near. (x 2)

**Seënbede**

**Liturg:** "Christus met my."
**Gemeente:** "Christus voor my, Christus agter my."
**Liturg:** "Christus in my, Christus onder my, Christus bo my.
**Gemeente:** "Christus aan my regterkant, Christus aan my linkerkant.
**Liturg:** "Christus wanneer ek gaan lê."
**Gemeente:** "Christus wanneer ek sit."
**Liturg:** "Christus in die hart van elke mens wat aan my dink."
**Gemeente:** "Christus in die mond van elkeen wat van my praat,
Christus in die oog van elkeen wat my sien,
Christus in die oor van elkeen wat my hoor."

**Grant us your peace, O Lord**

"Grant us your peace, O Lord,
grant us your peace, O Lord,
may it fill all our days."

**Liturg:** "May the face of our Lord Jesus Christ
shine upon you and bring you peace and joy.
Amen."

Hierna kan jy bly sit of die kerkgebou in stilte verlaat wanneer jy gereed voel.
Ons volgende Taizédiens is op Sondagaand, 27 Augustus 2023.
'n Geseënde week en rus en vrede deur hierdie wintertyd, word jou toegewens.

Die ikoon op die voorblad van ons programmetjie, dateer terug na die sesde of sewende eeu n.C. en kom uit die Koptiese Kerk in Noord-Afrika (uit die klooster Baurit). Dit staan bekend as "Christus en die gelowige", en is waarskynlik 'n uitbeelding van die Egiptiese kerkvader Menas wat 'n besonder toegewyde gebedslewe gelei het. In Taizé is 'n groot afbeelding daarvan, om ons te herinner aan Hóm, die Gekruisigde en Opgestane Heer, wat altyd en orals op ons lewenspad met ons meegaan – met in sy arm, sy Woord.
Hy gaan met u mee.